

Preekvoorligting Sondag 4 November 2018

Skriflesing: Mark 1: 9 - 13

Teksverse: Mark 1: 10, 12-13

Tema: Gelowige, vir jou nie die “paradys” nie, maar die “woestyn”

In enkele verse beskryf Markus die doop van ons Here Jesus Christus. Dit is asof Hy hier nie wil verval in detail en sodoende die kern openbaring wat hy wil tuisbring daardeur laat verdring nie.

1. Die “neerdaal” van die Heilige Gees en Christus.

Hierdie doop het die Christus se amptelike werksaamhede as Verlosser en Saligmaker ingelei. Maar dit was nie asof Christus net gedoop is nie – meer het daar voor die oë van die dissipels afgespeel. Vers 10 verhaai dat die Gees van God soos ’n duif op Jesus neergedaal het – natuurlik die HG, geopenbaar in die vorm van ’n duif. ’n Pragtige prentjie – so rustig so vreedsaam, ’n prentjie wat mooi inpas in die tyd waarin ons leef. Maar is die duif ’n simbool van die “rus en vrede” wat vandag daarmee verbind word? Hierdie duif het nie “rus en vrede” beteken nie, intendeel, vers 12 “En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn”. Hierdie duif het vir Christus nie die spreekwoordelike paradys binne gelei nie maar die woestyn wat vir Hom geestelike sowel as fisiese ontberings ingehou het. Geestelik – Hy is deur die Satan versoek. Fisies – Hy het Hom tussen die wilde diere bevind. Maar aan die einde van vers 13 word openbaar dat die engele in die woestyn Christus gedien het. Dit was dus so dat die Gees van God wat op Christus neergedaal het vir Hom die woestyn beteken het, fisiese en geestelike ontberings, selfs die vyandigheid van die skepping, maar te midde dit alles was die engele met Hom tot troos en versterking.

2. Die “neerdaal” van die Heilige Gees en die gelowige.

Die Gees van God het ook van die gelowiges, ons, besit geneem, of beter gestel, die Gees van God het in ons woning gemaak. Nou kan ons nie in lyn met Markus 1 die “paradys” verwag terwyl ons Here die “woestyn” gekry het nie. Maar goed, wat hou hierdie “woestyn” nou vir ons in? Die woestyn is deel van jou lewe met al sy terugslae, ontberings, beproewings. Maar dit is nie al nie – jy sal ook nog getoets word. Die Satan sal hom op jou toespits en alles in die stryd werp om jou tot die uiterste te toets deur beproewing en versoeking. Hier dus geen sprake van “rus en vrede” nie, maar ’n stryd tot die dood toe. Die duiwel maak elkeen sy persoonlike teiken om hulle te toets en tot ’n val te probeer bring. Asof dit nie genoeg is nie, bevind die ware gelowige hom ook in ’n vyandige wêreld wat nie alleen sy rug op die kind van God draai nie, maar hom in vyandigheid aanval. Maar die gelowige, ons, word nie net tot in die spreekwoordelike “woestyn” uitgedryf en dan daar aan die elemente oorgelaat nie. Om met die Gees van God gevul te wees, beteken ook dat jy toegerus is vir die “woestyn”. En dan die troos, die Here God is deur sy Gees altyd by jou in die “woestyn”, soos geopenbaar in die engele wat Christus gedien het toe Hy in die woestyn was. Hy was nie alleen in sy “woestyn-stryd” nie, so ook is ons nie alleen in ons “woestyn-stryd” nie.

Slot

Markus 1: Die “woestyn-pad” is die pad wat die een hier op aarde loop wat aan God gebind is, dit het die Seun van God gedoen en dit moet ons ook doen. Om dus met die Gees van God gevul te wees beteken nie “rus en vrede” hier op aarde nie, maar wel stryd, intense stryd, fisies en geestelik waartydens ons deurentyd getoets word.